DEEL 118 | WEEK 29 | 17 JULIE 2026 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# Groot veranderinge wag vir ABSA kliënte

Absa se tak in Heilbron sluit vanaf 25 Julie tot 16 September 2026 vir opknappingswerk as deel van die bank se landwye moderniseringsprogram. Wanneer die tak op 17 September heropen, sal kliënte 'n nuwe bankervaring ondervind, maar sonder die tradisionele tellerdienste waaraan baie inwoners gewoond is.

Volgens 'n kennisgewing aan kliënte sal die opgeknapte tak voortaan op kliëntediens en verkope fokus. Gedurende die opknappingsperiode sal 'n mobiele Absa-bank buite die bestaande gebou beskikbaar wees om kliënte te bedien. Dié reëling geld slegs totdat die opknappingswerk voltooi is. Absa het alle kliënte reeds per SMS van die verderinge in kennis gestel.

Kliënte van Heilbron wat groot kontantdeposito's wil maak, sal gedurende die sluiting van die Frankfort-tak gebruik moet maak, terwyl kleiner deposito's steeds by die kitsbank buite die Heilbron-tak gedoen kan word.

Die verandering in Heilbron vorm deel van Absa se groter strategie om tradisionele takke geleidelik na tellerlose verkoops- en kliëntedienssentrums om te skakel. Volgens Absa, soos aangehaal in 'n verklaring aan MyBroadband, is meer as 22% van die bank se taknetwerk reeds na dié model omgeskakel. Die bank sê die skuif is 'n reaksie op die afname in kontanttransaksies by takke en die toenemende gebruik van digitale bankdienste.

Hoewel die opknapping 'n moderne voorkoms en verbeterde dienslewering beloof, laat dit ook 'n vraag ontstaan wat baie inwoners van plattelandse dorpe besig hou: Is banke op die platteland besig om gesigloos te raak?

Vir baie inwoners is die plaaslike banktak meer as net 'n plek om geld te trek of te deponeer. Dit is waar persoonlike diens gelewer word en waar kliënte deur bekende gesigte gehelp word. Vir bejaardes, mense wat minder gemaklik met digitale bankdienste is en ondernemings wat steeds gereeld met kontant werk, bly daardie persoonlike kontak van groot waarde.

Die modernisering van die Heilbron-tak weerspieël die rigting waarin die bankbedryf beweeg. Hoewel digitale bankdienste al hoe groter word, sal die tyd leer of die nuwe model die behoefte aan persoonlike diens op plattelandse dorpe sal kan vervang, of dit die begin is van 'n tyd waarin plaaslike banktakke al hoe minder 'n bekende gesig in hul gemeenskappe word.









# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum




## Substansmisbruik: Tik en Nyaope – Die dwelms wat lewens verwoes

### *Week 3: Verstaan die gevare van twee van Suid-Afrika se mees verslawende dwelms*

***• Elmarie Els-Hammann***

In die vorige twee weke het ons gekyk na substansmisbruik in die algemeen, asook na die uitwerking van dagga en CAT. Hierdie week vestig ons die aandag op twee dwelms wat jaarliks honderde Suid-Afrikaanse gesinne uitmekaar skeur: Tik (metamfetamien) en Nyaope. Hierdie dwelms is hoogs verslawend en kan binne 'n kort tyd ernstige fisiese, emosionele en finansiële skade aanrig. Hulle raak nie net die gebruiker nie, maar ook kinders, gesinne en die breër gemeenskap.

**Wat is Tik?**

Tik, ook bekend as metamfetamien (methamphetamine), is 'n kragtige sintetiese stimulant wat die sentrale senuweestelsel beïnvloed. Dit word in onwettige laboratoriums vervaardig en is een van die mees verslawende dwelms ter wêreld.

Tik word gewoonlik as klein wit of deursigtige kristalle verkoop, maar kan ook as 'n wit poeier voorkom.

**Straatname vir Tik**

**Gebruikers verwys daarna as:**

Tik, Meth, Crystal Meth, Ice, Glass Crystal

**Hoe word Tik gebruik?**

**Tik kan:** gerook word; gesnuif word; ingespuit word; of ingesluk word.

Wanneer dit gerook of ingespuit word, bereik die middel die brein binne sekondes. Dit veroorsaak 'n intense "high" wat baie gebruikers beskryf as een van die sterkste gevoelens van euforie wat hulle nog ervaar het. Juis daarom ontwikkel afhanklikheid dikwels baie vinnig.

**Hoe beïnvloed Tik die brein?**

Tik veroorsaak dat die brein groot hoeveelhede dopamien vrystel. Dopamien is verantwoordelik vir gevoelens van plesier en beloning. Met verloop van tyd beskadig Tik die selle wat dopamien produseer. Dit beteken dat gebruikers later nie meer vreugde uit gewone aktiwiteite ervaar nie. Familie, werk, sport en stokperdjies verloor hul aantrekkingskrag, en die gebruiker begin al hoe meer afhanklik raak van die dwelm om normaal te voel.

**Korttermyn-effekte van Tik**

**Gebruikers ervaar dikwels:**

Intense energie, Oormatige selfvertroue.
Verminderde behoefte aan slaap.
Verhoogde praatlus, Verhoogde hartklop.
Verhoogde bloeddruk, Verminderde eetlus.
Rusteloosheid, Hierdie effekte kan ure of selfs langer duur, waarna die persoon uitgeput en emosioneel afgemat voel.

**Langtermyngevolge**

**Langdurige Tik-gebruik kan lei tot:**

Ernstige gewigsverlies,
Erge tandbederf ("meth mouth"),
Chroniese slapeloosheid, Hoë bloeddruk,
Hartaanvalle en beroertes,
Geheueverlies, Konsentrasieprobleme,
Aggressie, Hallusinasies, Paranoia,
Depressie, Selfmoordgedagtes.

Navorsing toon dat langdurige metamfetamiengebruik permanente veranderinge aan die brein kan veroorsaak. Sommige gebruikers herstel gedeeltelik nadat hulle ophou, maar ander ondervind langdurige probleme met geheue, emosiebeheer en konsentrasie.

**Wat is "Meth Mouth"?**

Een van die bekendste gevolge van Tik is ernstige tandbederf.

**Dit word veroorsaak deur:** droë mond; swak mondhigiëne; tande kners; suikerryke drankies; en verminderde speekselproduksie.

Baie gebruikers verloor reeds op 'n jong ouderdom verskeie tande.

**Wat is Nyaope?**

Nyaope is 'n uiters gevaarlike straatdwelm wat uit verskillende middels saamgestel word. Daar is geen vaste resep nie, en die bestanddele wissel van handelaar tot handelaar.

**Mengsels kan onder andere bevat:**

Heroïen, Ander opioïede, Kafeïen, Pynmedikasie, Onbekende chemikalieë, Ander dwelms.

Omdat die inhoud onbekend is, weet gebruikers nooit presies wat hulle inneem nie. Dit verhoog die risiko van vergiftiging en oordosering aansienlik.

**Straatname vir Nyaope**

**Dit staan ook bekend as:**

Nyaope, Whoonga (in sommige gebiede)
Sugars (plaaslik in sekere gemeenskappe)

**Hoe word Nyaope gebruik?**

**Nyaope word meestal:**

Gerook; soms ingespuit; of
op ander maniere gebruik, afhangende van die samestelling.

**Waarom is Nyaope so gevaarlik?**

Nyaope veroorsaak dikwels afhanklikheid ná 'n relatief kort tydperk van gereelde gebruik.

**Gebruikers ervaar:**

Uiterste drange; ernstige onttrekkingsimptome; erge liggaamspyn;
sweet; braking; diarree; slapeloosheid; angs; rusteloosheid.

Baie gebruikers beskryf die onttrekking as ondraaglik, wat dit moeilik maak om sonder mediese hulp op te hou.

**Die verband tussen Nyaope en misdaad:**

Verslawing verander dikwels 'n persoon se prioriteite. Wanneer die liggaam afhanklik raak, word die verkryging van die volgende dosis die belangrikste doel.

**Dit kan lei tot:**

diefstal; huisbrake; roof; bedrog;
geweld; prostitusie;
die verkoop van huishoudelike besittings.

Dit beteken nie elke gebruiker pleeg misdaad nie, maar gemeenskappe ervaar dikwels 'n toename in eiendomsmisdaad waar ernstige dwelmprobleme voorkom.

**Statistieke**

Volgens die Suid-Afrikaanse regering plaas substansmisbruik enorme druk op: hospitale; rehabilitasiesentrums; polisiedienste; howe; maatskaplike dienste.

Metamfetamien (Tik) is een van die mees algemene primêre dwelms waarvoor mense in sekere dele van Suid-Afrika behandeling ontvang. Nyaope en heroïengebaseerde middels het ook die afgelope jare toegeneem, veral onder jong volwassenes. Hierdie neigings hou verband met verhoogde gesondheids- en maatskaplike risiko's.

**Tekens dat iemand Tik of Nyaope gebruik - Let op na:**

Skielike, drastiese gewigsverlies,
Dae sonder slaap, Groot buiwisselings,
Aggressiewe gedrag, Oormatige praat,
Geheimsinnigheid, Finansiële probleme,
Gereelde versoeke vir geld,
Verdwynende besittings,
Brandmerke aan lippe of vingers (by sommige gebruikers),
Verwaarlosing van persoonlike higiëne,
Verlies aan belangstelling in werk, skool of familie.

**Die impak op kinders**

Kinders van verslaafde ouers ervaar dikwels: emosionele trauma;
gevoelens van onsekerheid;
swak skoolprestasie; verwaarlosing;
voedselonsekerheid; verhoogde risiko om self later substansprobleme te ontwikkel.

Hierdie kinders benodig dikwels emosionele ondersteuning en stabiele volwassenes in hul lewens.

**Kan mense herstel?** Ja.

Hoewel Tik- en Nyaope-verslawing baie ernstig is, herstel duisende mense elke jaar deur: mediese behandeling; ontgifting; rehabilitasie; individuele terapie; groepsondersteuning; familie-betrokkenheid; langdurige opvolgsorg.

Herstel is gewoonlik nie 'n eenmalige gebeurtenis nie, maar 'n proses wat tyd, geduld en ondersteuning verg.

**Wat kan die gemeenskap doen?**

**Ons almal het 'n rol om te speel:**

Meld dwelmhandel by die Suid-Afrikaanse Polisiediens aan. Ondersteun plaaslike voorkomingsprogramme. Help jongmense om toegang tot sport, kultuur en positiewe aktiwiteite te kry. Moenie mense met verslawing afskryf nie – moedig hulle aan om hulp te soek. Werk saam met skole, kerke en gemeenskapsorganisasies om bewusmaking te bevorder.

**Het jy geweet?**

Tik kan gebruikers vir lang tydperke wakker hou, wat die risiko van psigose verhoog. Omdat die samestelling van Nyaope wissel, kan dieselfde hoeveelheid op verskillende dae heeltemal verskillende effekte hê. Vroeë behandeling verbeter die kanse op langtermynherstel aansienlik. Mense wat deur familie en die gemeenskap ondersteun word, voltooi rehabilitasieprogramme dikwels met groter sukses.

*Volgende week...*

*In die laaste artikel van hierdie reeks fokus ons op voorkoming, behandeling en herstel. Ons bespreek hoe ouers met hul kinders oor dwelms kan praat, waar hulp beskikbaar is, hoe rehabilitasie werk en waarom hoop altyd moontlik is. Saam kan ons 'n gesonder, veiliger en dwelmvryer gemeenskap bou.*

## UIT DIE PEN: *Week 29*



Diegene van julle wat aanlyninkopies doen, sal weet dat die webwerf gedurig voorstelle het oor wat jy nog kan bestel. Mense wat hierdie bestel, het ook gewoonlik daardie bestel. En dan is daar ’n hele reeks artikels wat jy by jou huidige mandjie kan voeg. Meeste van die tyd hou die artikels geen verband met mekaar nie, en is dit glad nie wat jy wou koop nie.

Dis nou maar die lot van die verbruiker. Dinge kom gewoonlik in veelvoude van twee of drie. Of meer.

Koop drie vir die prys van twee. Wat baie keer ’n winskopie is, maar dis nie wat jy wou gedoen het nie en ook nie wat jy nodig het nie. Wat maak jy met drie pakke met 24 eiers elk as jy net vir ontbyt twee eiers eet? Ons val almal daarvoor.

Met DSTV kan jy ook nie altyd kies nie. Dis nie net een kanaal nie, maar dit kom as ’n pakket. Jy kan nie net inskryf vir die een kanaal wat jy graag wou kyk nie. Daar kom ’n hele *zoer* kanale saam, meeste van hulle kyk jy iedergeval nooit nie.

By party skole moet leerders ’n spesifieke vakpakket kies. Ek weet nie hoe dit tans by julle skool werk nie, gewoonlik moes dit wetenskapvakke wees of besigheidsvakke wat alles saam geneem moes word.

Dink aan ’n uit-die-boks vakkombinasie soos fisiese wetenskappe en visuele kunste. Dit gaan help met die meng van kleure en verskillende verfmediums. Ongelukkig is ek nie ’n *fundi* wat dit aanbetref nie, en daarom stop ek net hier met aanbevelings vir moontlike vakkombinasies.

Met my gryse ou ma se dood vroeër vanjaar, moes ons al haar aardse besittings gaan oppak. Dit moes na ons huis toe kom en nog plek kom opneem. Ek het reeds gekreun onder die ander bokse wat ons huis toe moes bring toe my gryse ou ma vanaf haar eenmanswoonstel na ’n ander woonstelletjie in die versorgingsafdeling van die ouetehuis moes trek.

Sy was ’n knap naaldwerkster. Sy het vir al die Swanepoels en hulle nakomelinge klere gemaak. Sy het soms vir ander mense ook klere gemaak. Ek kan onthou dat sy twee Volkspelerokke gemaak het toe sy en my gryse ou pa op hulle “oudag” begin Volkspele doen het.

Op ’n dag het sy ook vir iemand ’n toga gemaak vir hulle gradeplegtigheid. Ek weet daar was meters en meters swart lap wat sy moes gebruik.

Ek het jare gelede vir my Lelanievriendin haar trourok gemaak. Kompleet met krale wat met die hand aangewerk is. My ma moes die laaste verstellings doen.

Maar toe ons gryse ou ma se besittings na haar dood klaar getrek het, het ek nie geweet waar ek daarmee moes heen nie. Geen familielid wou haar klere hê nie: ons het almal genoeg. Ek het bokse van haar klere vir tannie Wimpie gegee. Sy het gevat wat sy wou hê en die ander klere onder die ander tannies uitgedeel.

Op ’n mooi dag sien ek ’n tannie in ons kerk met een van my ma se uitrustings aan. Ek weet, want ek was by toe sy dit gemaak het. My hart was sommer warm, want iemand dra nog haar klere.

Ek sien dat ek ’n appelboks vol skouerkussings ryker geword het. Wat sou ek daarmee maak, wonder ek? Dis nie meer mode nie, en ek maak ook nie soveel klere nie. Ek ken ook niemand wat dit sou nodig hê nie.

Daar is uitknipsels van klere en haarstyle en gordyne en bekleedsel. Ek het dit vir iemand gegee wie se dogtertjie in die laerskool het, wat dit sou kon gebruik.

Ek het nogsteeds bokse goeters wat verwerk moes word. Daar is sakke vol wol: goeters wat losgetrek is en in bolle opgerol is. Sommige bolle is nog nuut. Daar is meters lap. Ek dink laasgenoemde is nog in die stoorplek wat ons ’n paar jaar gelede moes huur toe ons my ouerhuis moes gaan leegmaak.

Maar daar was een probleem: wat maak ek met die stel bo-tande?

Boetie sê dat hy die gehoorapparate wil hê. Vir ingeval. Want dit was state of the art. Ek pak die gehoorapparate terug in die oorspronklike boksie met die ekstra batterytjies. Die instruksieboekie kom ook in die boksie.

Ons gee die pakkie vir boetie. Ek wil met elke gesprek iets sê van die gehoorapparate. Elke keer wil ek hê hy moet die pakkie oopmaak, maar hy byt aan niks nie.

Later gaan haal ek maar die pakkie met die gehoorapparate. Maak nou oop, sê ek. Dis onnodig, sê hy. Hy het dit dan nog nie nodig nie.

Uiteindelik kry ek hom sover om die pakkie oop te maak. Belangstellend kyk ons na die apparate. Heel onder in die pakkie is daar ’n donkerblou sakkie van fluweel. Ek skud dit in my hand uit.

Die stel bo-tande. Want dit kom as ’n pakket. Jy kan nie kies watter DSTV kanale jy wil hê nie, en dieselfde geld hier. Die gehoorapparaat en die bo-tande kom saam.

Ek dink nie ek sal die uitdrukking op sy gesig gou vergeet nie. Daar was ’n redelike onsekerheid oor sy gesig, en toe ’n gril. Nee, wat moet ek daarmee maak? Wou hy weet.

Presies wat ek daarmee sou maak.

Hierdie week het ek iemand anders geleer dat dinge in pakkette kom. As jy hierdie een bestel, kan jy die ander verniet kry.

En dis soms nie wat ons nodig het nie.

As naskrif: Maak jy klere? Ek het ’n appelboks vol skouerkussings. En nog ’n appelboks vol garing. Ek gaan tot met my dood nooit weer garing hoef te koop nie. Maar ek het darem nie meer die bo-tande nie.

# Nog Riemlanders gereed vir Lamb Champs-stryd

Ná verlede week se berig oor Heilbron en die Riemland se sterk verteenwoordiging by vanjaar se Lamb Champs, is nóg deelnemers uit die streek aangekondig wat op 25 Julie hul beste lammers in Pretoria teen Suid-Afrika se top gaan meet.

Altesaam 110 boere en 110 lammers sal by Lamb Champs Pretoria meeding, waar slegs een uiteindelik as kampioen gekroon sal word.

Tsaats Hatting van Heilbron sal die Riemland se naam hoog hou met sy Dohne Merino-lam. Hy glo sy inskrywing het wat nodig is om teen die land se beste mee te ding en sien daarna uit om die gehalte van sy kudde op een van Suid-Afrika se grootste skaapverhoë ten toon te stel.

Nog 'n bekende deelnemer uit die Riemland is Eric Bibbey, vir wie die pad na Lamb Champs elke dag vroegoggend tussen sy Merino-skape begin. Met 'n passie vir gehalte en trots in dit wat hy produseer, is hy nou gereed om die vrugte van sy harde werk op die grootste verhoog van die seisoen te wys.

Jason Davel van Donkerberg Boerdery naby Reitz sal met sy Île de France-lam deelneem. Davel is gereed om sy plek tussen Suid-Afrika se voorste lamsprodusente in te neem en hoop sy inskrywing sal die beoordelaars beïndruk.










Die kompetisie het oor die afgelope paar jaar tot die grootste lamfees in Suid-Afrika gegroei en bied aan besoekers die geleentheid om boere te ontmoet, die unieke atmosfeer te beleef en eerstehands te ervaar waarom Lamb Champs só gewild geword het.

Met verskeie deelnemers uit Heilbron, Reitz en die breër Riemland wat vanjaar hul staal gaan wys, is daar groot opgewondenheid dat die streek weer sy naam onder Suid-Afrika se voorste lamsprodusente sal vestig. Op 25 Julie sal dit uiteindelik duidelik word wie die gesogte titel as Lamb Champs-kampioen huis toe neem.

# Vleissentraal Frankfort vier rekorddag met R1,1 miljoen Beefmaster-bul

Vleissentraal Frankfort het sy reputasie as een van Suid-Afrika se voorste veilingshuise verder verstewig toe hulle die 2026 Nasionale Beefmaster-veiling by die Afridome in Parys op 2 Julie met groot sukses aangebied het. Die hoogtepunt van die veiling was die verkoop van 'n top Beefmaster-bul vir 'n indrukwekkende R1,1 miljoen – 'n rekordbedrag wat die gehalte van Suid-Afrikaanse Beefmaster-genetika onderstreep.

Die rekordbul, JAN 23-3125, uit die bekende Janmarck Beefmaster-stoet van die Du Plessis-broers naby Bethlehem, is aangekoop deur Edgar Brotherton van Just Beef Beefmasters en Mark Ford van Begelly Beefmasters. Die bul is vir twee jaar in die Janmarck-stoet gebruik voordat hy op die veiling aangebied is.

Die veiling het nie net met die rekordverkoop opslae gemaak nie, maar ook uitstekende gemiddeldes behaal. Die ander bulle het gemiddeld meer as R200 000 behaal, wat die groot aanvraag na top Beefmaster-genetika bevestig. Die tweede hoogste bulprys was R325 000, terwyl 'n dragtige vers vir R220 000 en die duurste vroulike dier vir R230 000 verkoop is. Hierdie uitslae weerspieël die vertroue wat telers en kopers in die Beefmaster-ras en in Vleissentraal Frankfort se veilings plaas.

Die suksesvolle aanbieding van die nasionale veiling is nóg 'n bewys van Vleissentraal Frankfort se vermoë om topgehalte veilings aan te bied en waarde vir produsente regoor Suid-Afrika te skep.






OK MiniMark
Villiers & Heilbron
VAKATURES
DELI / RESTAURANT BESTUURDER
VEREISTES:
1. Ervaring in Deli en Restaurant bestuur
2. Voorliefde vir kosmaak
3. Ervaring in personeel bestuur
4. Rekenaarvaardigheid

Aangename werksomstandighede en 'n mededingende salaris word aangebied.

Slegs skriftelike aansoeke sal oorweeg word.
Stuur CV's na:
admin7@okbultfontein.co.za

SLUITINGSDATUM: 7 Augustus 2026



# Vier Renosters uit Heilbron wys hul staal by Rhino Week

Hoërskool Heilbron se rugbytalent het weer van hom laat hoor toe vier van die skool se belowende spelers die voorreg gehad het om aan die gesogte Rhino Week 2026 deel te neem – 'n prestasie waarop die skool en gemeenskap met reg trots kan wees.


NJ Mocke, Deano Roets, Tremain Leeuw en Nathan Metzger is gekies om tydens die elite rugbyweek, wat van 7 tot 11 Julie aangebied is, hul vaardighede teen van die land se beste jong rugbyspelers te toets. Rhino Week word jaarliks aangebied om belowende spelers blootstelling op 'n hoë vlak te gee en dien dikwels as 'n belangrike platform waar talent deur provinsiale en nasionale keurders raakgesien word.

Om vir Rhino Week gekies te word, verg harde werk, deursettingsvermoë en uitstekende vertonings op die rugbyveld. Die vier Heilbron-leerders het dié uitdaging met trots aangepak en die skool se naam met onderskeiding uitgedra.

Hoërskool Heilbron het die spelers gelukgewens met hul prestasie en hul toewyding geloof. Hulle deelname bevestig weereens die skool se vermoë om rugbyspelers van gehalte te ontwikkel en spreek van die sterk rugbykultuur wat by die skool gevestig is.

Vir die vier jong spelers was Rhino Week nie net 'n geleentheid om teen topmededingers te speel nie, maar ook om waardevolle ervaring op te doen wat hulle rugbyloopbane verder kan bevorder.

*Op die foto regs: NJ Mocke, Deano Roets, Tremain Leeuw en Nathan Metzger van Hoërskool Heilbron wat die skool tydens Rhino Week 2026 verteenwoordig het.*






*Waldo en Lené is getroud op die 20ste Junie 2026 te Bella Cardi Kimberley. Waldo is die seun van Pieter en Alida Snyman van Heilbron. Lené is die dogter van Leon en Lettie Botha van Kimberley. Die egpaar begin nou hul nuwe hoofstuk saam in Bethlehem.*

# Leerderveiligheid kry hupstoot met nuwe spoedwalle




Die veiligheid van Hoërskool Heilbron se leerders bly 'n topprioriteit. Daarom het die skoolhoof, beheerliggaam en 'n span ouers saamgewerk om te verseker dat die korrekte prosesse gevolg word vir die oprigting van spoedwalle by die skool se koshuis.

Die nuwe spoedwalle is onlangs aangebring en sal help om voertuie se spoed te beperk, wat die veiligheid van leerders en ander voetgangers in die omgewing verbeter.

Volgens die skoolhoof, mnr. Johnny van der Merwe, is dit van kardinale belang dat leerders in 'n veilige omgewing kan beweeg. "Die spoedwalle is 'n waardevolle aanwins en 'n belangrike stap om die veiligheid van ons kinders, veral by die koshuis, verder te versterk," het hy gesê.

# Huppel Trippel doen 'n Sing-A-Long

Die tema vir die oggend se Sing-a-Long program was: SEISOENE. Wat begin het by "January, February, March..." het geëindig by Koos Doep se "Somerkersfees". Tussen-deur was daar ń tranetrekker of twee soos "Danny Boy" en "A Winters' tale". Maar die lekker liedjies, soos "Summer holiday", het gesorg vir 'dance moves' wat uitgepak is. Alternatiewelik het van die ou-ou liedjies wat gesing is, gesorg dat daar hier en daar 'n traan gepink is oor die onthou wat daarmee saamgaan. Die lekker van saamsing en mekaar se geselskap geniet, het gesorg vir 'n genotvolle oggend. Oor twee weke, op 28 Julie, gaan dit weer 'n vrolike, lekkerlag speletjies-oggend wees.



*Yvonne Smit en Johan Binneman toets die vloer.*

# Skenk bloed in Heilbron en red 'n lewe

SANBS nooi die gemeenskap van Heilbron om bloed te skenk, Dinsdag, 28 Julie by die NG Suid Kerksaal vanaf 13:00 – 19:00. SANBS volg streng maatreëls om die veiligheid van skenkers te verseker.

Bloedvoorraad is tans baie laag. Dit plaas SANBS onder ontsaglike druk om genoeg, veilige en goeie kwaliteit bloed in te samel.

Hierdie is 'n spesiale beroep op die publiek om 30 minute af te knyp om bloed te skenk.

Die minimum vereistes om 'n bloedskenker te wees, is:

- Tussen die ouderdom van 16-75 jaar
- Weeg meer as 50kg
- Geniet goeie gesondheid
- Leef 'n veilige seksuele leefstyl.




SANBS wil graag alle gereelde bloedskenkers bedank en aanmoedig om aan te hou om gereeld bloed te skenk.

Vir meer inligting, besoek ons gerus by www.sanbs.org.za of skakel tolvry 0800 11 90 31.

Skenk bloed. Jou bloed red lewens.





Besoek ons vir al u skryfbehoefte benodigdhede
Elsstraat 44, Heilbron | Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National

# KENNISGEWINGS

**KENNISGEWING**
In die bedoel van wyle **DAVID HERCULES BOTHA, Boedelnommer 8656/2019,**
Identiteitsnommer 560208 5043 08 9, wat gewoonlik woonagtig was te Oranjestraat 41, Heilbron en wat te Heilbron op 9 September 2019 gesterf het.
Die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogenoemde boedel sal ter insae lê by die kantoor van die Meester van die Hoë Hof te Bloemfontein en 'n afskrif daarvan by die kantoor van die landdros vir die distrik van Heilbron, waar die oorledene gewoonlik woonagtig was ten tye van sy dood, vir 'n tydperk van 21 (EEN EN TWINTIG) dae vanaf die datum van publikasie hiervan.
Gedateer te Heilbron op hierdie 3 de dag van Julie 2026.
**JH JANSEN**
**JANSEN PROKUREURS**
**PROKUREUR EN EKSEKUTEUR**
**PIERCESTRAAT 58,**
**POSBUS 890, HEILBRON, 9650**
**VERW: BOT13/0001/JHJ/cm**

# TE KOOP • TE KOOP

**VOER TE KOOP**
Kontak Botha Mouton
083 688 8256



Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.

Herald Office National

**BESIGHEIDSURE**
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdae:
09:00 -12:00
POSTNET HEILBRON
Elsstraat 42, Heilbron
Tel: 058 853 0006

# FOTOSTATE

**Swart / Black**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |

**Volkleur / Colour**


| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

## WINKELURE

**Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National




# GROOTWILDJAGTERS!



HIER IS JOU KANS VAN 'N LEEFTYD OM 'N BUFFELBUL OF EEN VAN ONDERSTAANDE PRYSE TE WEN.

**SLEGS R500**

**7 PRYSE WAT GEWEN KAN WORD:**

- 1 x Buffelbul (2 Persone) - 2 x Nagte Selfsorg - African Frontier Safaris, Ellisras
- 1 x Blouwildebees, 1 x Rooibok, 1 x Vlakvark - (2 Persone), 2 Nagte Selfsorg - African Frontier Safaris, Ellisras
- 2 x Rooibokke (2 Persone) - 1 Nag Selfsorg - African Frontier Safaris, Heilbron
- 4 x Blesbokke (Dagjag) - AREA: Heilbron
- 3 x Blesbokke - (2 Persone) - 1 x Nag Selfsorg - AREA: Heilbron
- 3 x Blesbokke - (Dagjag) - AREA: Heilbron
- 3 x Blesbokke, 1 x Springbok - 2 Nagte (8 Persone) Selfsorg - AREA: Francolin Creek, Heilbron

**PRYSE TER WAARDE VAN ± R250 000**



**Kaartjieverkope sluit 31 Julie 2026 en wenners word op 3 Augustus 2026 aangekondig. Van Rensburg Rekenmeesters monitor die trekking.**

**Alle jagte moet afgehandel word voor 30 September 2026.**

**NG KERK MOEDERGEMEENTE, HEILBRON • FONDSINSAMELINGSPROJEK**
Navrae: • Annari 082 224 8741 • Kerkkantoor 058 852 1615

# POSTNET HEILBRON

**COLLECTION & DELIVERY**
**Between Heilbron And The Vaal Triangle**
**EVERY MONDAY, WEDNESDAY & FRIDAY**
**R150 per parcel**
SASOLBURG
VEREENIGING
VANDERBIJLPARK




**BETWEEN MEYERTON AND HEILBRON @ R200 PER PARCEL**
heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 064 988 6078

# SMALLS

Vir enige nuus en advertensies vir die
**Heilbron Herald**
Kontak Hendie 058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE**
**per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes)
• **Marlene** (Proeflees van koerant)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

HERALD Sport

# Suksesvolle Ghongskiet kompetisie uitslae

Verlede Saterdag het die Riemland-tak van Vrystaatjagters 'n Ghongskiet aangebied.

Die oggend was kouerig en die wind het ook redelik gewaai maar nieteenstaande dit, het die manne en een dame goedgevaar.

Die wenner van die dag was Paul Keogh en het die prys wat deur Bonus Hardware geborg is ontvang. Kort op sy hakke was Japie Steyn met 'n welverdiende tweede plek. In die derde plek was Hennie Fourie.

Die skuts het 'n "Coldbore" skoot na 'n ghong gewaag en daar het Paul Keogh en Hennie Fourie sukses behaal.



*Op die foto vl: Hennie Fourie (Voorsitter) oorhandig prys aan die wenner, Paul Keogh en Japie Steyn (Tweede).*

# Kransfontein Resiesduif Klub




*Op die foto van links na regs is Riaan Kriel en Handro Swart van Spartan Pigeons 2 met die wenduif 210970.*

Op Saterdag, 11 Julie 2026 het Kransfontein Resiesduif klub vanaf Reddersburg gevlieg en die duiwe is om 07:45 gelos en die wen duif is om 11:39 geklok op Reitz. Die afstand wat die wen duif gevlieg het was 299 kilometers. 9 Lede en 368 duiwe het deelgeneem.

1. Spartan Pigeons 2
2. Spartan Pigeons 2
3. Wolmarans & Swart B
4. Wolmarans & Swart B
5. Du Plessis Hokke
6. Du Plessis Hokke
7. Du Plessis Hokke
8. Du Plessis Hokke
9. Du Plessis Hokke
10. Spartan Pigeons 2










VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:

HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515

SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 20 JULIE 2026**

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 21 JULIE 2026**

MORGENZON: MILESTONE BEEFMASTER PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Uitkyk
Kontak Tielie Crawford 082 331 2038

HARRISMITH: FERRERO BONSMARA
Bulle en vroulike diere
11:00, plaas Grootdraai
Kontak Douw van Wyk 083 458 7353

**WOENSDAG - 22 JULIE 2026**

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516

BURGERSFORT Maandelikse veiling
Kontak Molie Mentz 083 229 2500

VREDE: DEALE BOVELDERS
11:00, plaas Madeira
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

**DONDERDAG - 23 JULIE 2026**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

BETHLEHEM: JANMARCK BEEFMASTERS
11:00, plaas Stirling
Kontak Douw van Wyk 083 458 7253

**VRYDAG - 24 JULIE 2026**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

**SATERDAG - 25 JULIE 2026**

PRETORIA: OVERVAAL DEXTER CLUB
11:00, Fire and Wine venue
Kontak Johan Jordaan 082 776 2986

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za